

18 Junie

**Skrifgedeelte: Matteus 8:5-13**

**Fokusgedeelte: Matteus 8:8**

### **Die offisier se slaaf**

Werd of nie werd nie? Volgens Lukas se weergawe van die genesingswonder het die familiehoofde van die Jode by Jesus aangedring om die Romeinse offisier se slaaf te kom gesond maak, want “hy is dit *werd*”. Hulle het die offisier se waardigheid gekwalifiseer: hy het die Joodse volk lief en het vir hulle ’n sinagoge gebou (Luk. 7:4, 5). Jesus is bereid om dadelik te gaan. Maar die offisier keer: “Here, ek is *nie werd* dat U onder my dak inkom nie.”

In die oë van die mense waardig (werd), maar in sy eie oë onwaardig. Die Romeine het die Jode verag, maar die offisier besef sy onwaardigheid voor Jesus. Dit is die bewys van sy geloof! Die offisier se erkenning van sy onwaardigheid voor God was terselfdertyd ’n belydenis. Hy ken as offisier gesag – sy eie gehoorsaamheid aan hoër offisiere en sy eie gesag wat hy oor sy ondergeskiktes uitoefen. Hy spreek Jesus aan as “Here”. Dit kan ook vertaal word met “meneer”, maar hier is dit eerder ’n erkenning van Jesus se gesag. Hy glo! Jesus is die Seun van God, die Christus.

Jesus se reaksie op die belydenis? “Ek het nog by niemand in Israel so ’n groot geloof teëgekome nie.” Jesus sien dieper as die goeie werke en sien die hart en die groot geloof raak. Hy sê: “Gaan terug, en wat jy geglo het, sal gebeur.” En die slaaf het gesond geword.

Wat mense van ons dink, is sekerlik belangrik, maar wat dink jy van jouself? Bely: Ek is sondaar, onwaardig voor God en pleit om genade. En weet: God bewys dit in Christus. Die Seun van God het sy koninklike waardigheid afgelê en mens kom word en al ons sondes wat ons onwaardig maak op Hom geneem en dit aan die kruis afgelê. So maak Hy ons waardig om eendag saam met Abraham, Isak en Jakob in die koninkryk van die hemel aan tafel te gaan.

Sing: Psalm 34:8 (Totius)

Ds. AL Pelser (Bethlehem)